MIDSTREAM COLLEGE

NUUSBRIEF 13 | 10 SEPTEMBER 2026

SKOOLSAKE

Klik op die logo hier onder vir meer inligting

Sport

Kultuur

VAN DIE SKOOLHOOF SE KANTOOR

Veni, vidi, vici (ons was daar, het gesien en oorwin) – mag hierdie woorde van Julius Caesar waar word vir elke graad 10-leerder wat vanoggend op die Odyssey vertrek het. Ons vertrou dat elke leerder en onderwyser hierdie geleentheid met albei hande sal aangryp, verskeie avonture sal beleef en waardevolle lewenslesse sal leer. Hierdie is reeds ons twaalfde Odyssey. Nogmaals dankie aan mnr Acres en sy span wat hierdie ongelooflike ervaring vir elke leerder moontlik maak. Die ander grade vertrek volgende Woensdag op hulle onderskeie kampe. Nogmaals dankie aan al die ouers wat hulle kinders hierdie Carpe Diem-geleenthede gun.

Vir ons matrieks is kampe en Odyssey egter op hierdie stadium die laaste ding waaraan hulle dink, aangesien hul tans op hul rekordeksamen fokus. ‘n Besondere woord van dank aan die hele groep vir die wyse waarop hulle, hulle twaalf jaar op skool met ‘n feestelike braai, net voor hul eksamen, by die HUB herdenk het. Te midde van hulle Lenteskool is daar nog steeds baie om na uit te sien in die komende maande, waarvan die matriekafskeid vir seker een van die hoogtepunte is. Ek wil verder al die matriekouers na ons finale ouer- en ghongfunksie op Woensdag 14 Oktober om 07:30 in die saal uitnooi. Gryp hierdie geleenthede aan om julle kinders vir oulaas by die skool te ondersteun en hulle College-loopbane te vier.

‘n Dankwoord aan al ons revueleerders, -ouers en -onderwysers. Ons het opnuut ‘n opwindende en verreikende jaar beleef. Hulle het ook verlede Vrydag geskitter en eerste in die 8-Beats-kompetisie geëindig. Ons drie dramas het insgelyks ‘n baie suksesvolle jaar met hul optrede verlede week in die ouditorium afgesluit. Ons koor, Melodia, en ons orkes het ook hul beste jaar nóg beleef. Ons suksesvolle MC^3-konsert het hiervan getuig – welgedaan aan al ons kultuurleerders.

Dit is ongelukkig so dat ons geen beheer oor die weer het nie. Baie dankie, weereens, aan almal wat Saterdag die oggendmark en SpringFest bygewoon het. Diegene wat nie die weer wou trotseer nie, het definitief ’n geleentheid misgeloop. In die lig van die feit dat die skool reeds op Woensdag 23 September sluit, sal ons volgende volledige nuusbrief eers volgende kwartaal verskyn. Ons sal wel ‘n inligtingstuk rakende skoolfooie vir 2027 asook die skoolkalender vir 2028 gedurende die laaste week publiseer.

KLEREWINKEL

BELANGRIKE DATUMS

- Odyssey 10 – 18 September
- Graadkampe 16 – 18 September
- Matriekafskeid 10 Oktober
- Matriekkwartaal 4 vroeë begin 12 Oktober
- Skool heropen vir kwartaal 13 Oktober
- Damesaand 13 Oktober
- Matriek se gongfunksie 14 Oktober
- Graad geesgeveg 28 Oktober
- Prysuitdelingsfunksie 2 November

WAT 'N FEES!
"Die beste oomblikke word saam geskep."
SONDER JULLE, SOU SPRINGFEST 2026 NIE MOONTLIK GEWEES HET NIE.
DANKIE
Spring Fest
@ MIDSTREAM COLLEGE
SIEN JULLE IN 2027!